



Moet Nou Vrede Maak Met Politieke Party

Onderstaande „K.G.-Omsendbrief Nr. 1 van 1951” is deur dr. J. F. J. van Rensburg onder datum 4 September uitgereik:

1. In elke stryd, hoe fel ook al, kom daar 'n tyd om vrede te

oorweeg. Veral in 'n broederstryd, soos dié waarin ons in die afgelope tien jaar noodlottiglik gewikkel was.

2. En elkeen moet met sy gewete heelwat in die reine kom voor hy, om welke rede ook al, 'n vooruitsig op billike skikking met sy broer van die hand wys.

3. Die blote vrede op sigself is nie al wat tel nie; ook die dinge waarvoor die stryd gegaan het, druf nie uit die oog verloor word nie. Wat was die dinge?

4. As leier van die Ossewabrandwag het ek gevoel dat, hoe belangrik ander sake ook mag wees, twee dinge van kardinale betekenis is, sodat ons nooit tot vrede kan kom nie tensy daardie twee dinge in die vrede geken word. Die een was en bly die republikeinse gedagte; die ander was en bly die behoud van ons O.B.-skap. Vir daardie twee het ek geveg en is ek bereid om verder te veg.

5. Vir die republikeinse gedagte het oor 'n duisend van ons O.B.- en S.J.-kamerade in tronk en kamp tydens die afgelope oorlog swaar offers gebring. Uit daardie offers en daardie stryd wat ons saam deurgemaak het, het gegroei 'n gehegtheid en 'n kameraadskap wat ons in ons O.B.-skap gewyd en beliggaam sien en wat ons vir niks wil verruil nie.

6. Maar benewens bogenoemde twee is daar 'n derde punt, wat niemand durf vergeet nie: die gebiedende noodsaaklikheid van Afrikanereenheid op die par-

mentêre terrein waar dieselfde teenstanders wat vir die kampe en tronke verantwoordelik was besig is om vir die volgende kragmeting te organiseer. En slegs onkundiges sal die teenstander se krag onderskat.

7. In die voorgestelde eenwording op parlementêre terrein is die republikeinse gedagte in die program van beginsels veranker. Die saak wat by die O.B. nommer een is, bly ongeskonde.

8. In die voorgestelde eenwording word elke lid van die betrokke partye (hetsy A.P. of H.N.P.) outomaties en sonder inkwisisie lid van die nuwe, eengeworde party en dié van ons wat O.B. is, bring ons O.B.-skap saam met ons daarin.

9. Ek weet dat daar 'n klousule in die nuwe party is wat — in die verlede en in 'n ander party — vir ons bittere herinneringe het. Ek weet dat niemand in die O.B. van daardie klousule hou nie of dit goedkeur nie. Ook ek nie.

10. Maar tewens weet ek dat ons die publieke erewoord van die adjunk-eerste minister het dat daardie klousule nie bloot vanweë ons O.B.-skap teen ons toegepas sal word nie, soos dit 'n die verlede en in 'n ander party wel bloot vanweë ons O.B.-skap op ons aangewend was. En ek aanvaar daardie versekering van 'n eerbare Afrikaner.

11. Met die oordraging van die republikeinse gedagte in die nuwe beoogde eenheid van die Afrikaner op parlementêre terrein en met die versekering dat ons, met behoud van ons O.B.-skap, welkom is om tot die nuwe eengeworde front toe te tree en om ons kragte in te skakel by ons mede-Afrikaners wat ... ongeag onderlinge geskille ... net soos ons die beveiliging van die blanke en van ons vaderland beoog, moet elkeen hom of haarself afvra, in die lig van die eie gewete, of hierdie vooruitsig op beëindiging van die broedertwis van die hand gewys durf word.

12. Van my, as leier van die Ossewabrandwag, het u in die verlede dikwels verlang dat ek leiding moet gee. Soms in al die onsekerheid waarin die posisie gehul was. Ook in hierdie geval wil ek die verantwoordelikheid nie op ander skouers gooi nie. Ek verwelkom die hoop om in die beoogde eenwording die wonde van tien jaar van broederstryd te kan verbind en om, in lojale saamwerking met mede-Afrikaners, met volle behoud van my O.B.-skap, die nasionale saak te bevorder.

Want in elke stryd kom daar die tyd waar die stryd vrede moet oorweeg ... veral in broederstryd!

WIL VOLK DWING OM KANT TE KIES

Dit is nouliks moontlik om te glo dat dr. D. F. Malan ernstig was toe hy verlede week in Oos-Londen voor sy Kaaplandse partykongres gesê het dat hy moontlik „by die volgende verkiesing van die volk 'n bepaalde opdrag” sal probeer kry in verband met die oorhandiging van die Britse protektorate aan die Unie.

Dit is veral ongelooflik as in aanmerking geneem word dat dr. Malan in dieselfde toespraak aantoon hoe „elke eerste minister sedert 1910 sy bes gedoen het om die Britse regering te beweeg om dit toe te staan.”

'n Uitspraak oor hierdie saak, waarvoor elke partyleier en dus elke party eenders voel, by 'n gewone algemene verkiesing tussen sy Majesteit se regeringsparty en opposisieparty, is eenvoudig nie denkbaar nie, behalwe as dr. Malan meen om vooraf 'n koalisie met die Verenigde Party te sluit.

In sy toespraak het dr. Malan gesê dat dit 'n dringende saak is, maar dat hy nog nie die Britse regering formeel in verband daarmee genader het nie. Hy het met twee Britse ministers in Londen oor die saak gepraat, maar die Britse regering is huiwerig om afstand van die gebiede te doen omdat hy beweer dat hy die versekering gegee het dat die natuurlike geraadpleeg sal word. Maar genl. Hertzog het reeds die erkenning van die Britse regering gekry dat „konsultasie” nie beteken dat die natuurlike 'n vetoreg het nie.

In sy toespraak het dr. Malan gesê dat die Unie nou al 41 jaar lank wag op die oorhandiging, en dat elke eerste minister sedert 1910 daarop aangedring het. „Genl. Botha het selfs gehoop dat inlywing drie jaar na Unie sou geskied. Daarna het genl.

Smuts opgetree en hy het selfs 'n dreigende houding ingeneem. Genl. Hertzog het die meeste in die saak gedoen. Hy het dit so ver gebring dat nog net 'n paar stappe nodig was en die nodige dokumente was selfs opgestel. Toe het die oorlog uitgebreek. Tot sover dr. Malan.

EENSTEMMIGHEID

Uit bostaande is dit baie duidelik, net soos dit ook duidelik is uit uitlatings van die Verenigde Party in die afgelope tyd, dat daar eenstemmigheid by alle partye is oor die kwessie van oordrag. Tensy dr. Malan 'n koalisie-verkiesing in gedagte het, kan daar dus geen sprake wees dat die volk 'n uitspraak by die volgende verkiesing moet gee deur tussen dr. Malan se party en die Verenigde Party te stem nie.

Dr. Malan kan dus net een ander oogmerk met die voorgestelde verkiesing hê, en dit is om die Verenigde Party in verleentheid te bring deur 'n uitspraak teen die V.P. te vra oor 'n saak ten opsigte waarvan die volk as geheel nie anders kan as om die Nasionale Party te ondersteun nie. Met ander woorde, die doel kan net wees om partypolitieke munt uit 'n vraagstuk te slaan wat so delikaat is dat selfs dr. Malan tot op hierdie tydstip teruggedieps het om dit langs diplomatieke kanale aan te roer.

GEVOLGE

Maar wat gaan die gevolge van so 'n stap wees?

Eerstens beteken dit dat nog 'n groot vraagstuk ten opsigte waarvan die volk oor die algemeen eenstemmig is, in die partypolitiek gesleep gaan word terwille van stemme. In plaas van groot vraagstukke uit die party-arena te lig en op 'n volksgrondslag aan te pak, soos selfs die politici en dr. Malan self in die verlede gepleit het, wil dr. Malan nou 'n vraagstuk wat nog altyd buite die party-arena gerus het, daarbinne inwerp as 'n twisappel.

Dit op sy beurt gaan meebring dat die Verenigde Party gedwing sal word om stelling teen dr. Malan in te neem oor die vraagstuk. Aangesien die V.P., ooreenkomstig die beleid van sy vorige groot leier wat selfs die Britse regering „gedreig” het oor die protektorate, ten gunste

van oorhandiging is, en dit op beginsel dus nie sal kan betwis nie, sal die party noodgedwonge tevoorskyn kom met prosedurebesware. Daar sal gesê word dat die tyd nie nou ryp is vir oorhandiging nie. Daarby sal dit

MOET GROEPE DOOD MAAK IN NUWE PARTY SÊ MALAN

In sy toespraak oor „eenwording” op die H.N.P.-kongres in Oos-Londen het dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P. en die te stigte Nasionale Party, uitdruklik gesê dat hy geen groeppvorming — en dus 'n organisasie soos die O.B. — binne die nuwe party sal duld nie. Volgens verslag in Die Burger, het hy sy standpunt as volg gestel:

„Om die eenheid te bewaar moet gewaak word teen groeppvorming binne die party. Ook in hierdie verband het ons lesse geleer. In die laaste jare van die oorlog is hierdie verskynsel geopenbaar en ek het op Cradock gewaarsku. Ek het hier veral in gedagte gehad groepe wat afgewyk het van die demokratiese beginsel en nasionaal-sosialisties geword het.

„Laat ons leer uit die ondervinding van die verlede. Waak teen groeppvorming. 'n Groep binne 'n party is 'n onmoontlikheid. DIS 'N SLANG IN DIE PARADYS. MAAK HOM DOOD. U het reg daartoe, want ons is 'n demokratiese party en hou jaarliks kongres. Die kongres is die plek om dinge reg te stryk.”

(Lees ook ons hoofartikel op bls. twee en die oorsig van ons politieke medewerker op bls. ses.)

nie bly nie. Die opposisie-pers, wat die saak in die verlede nog ondersteun het, sal nou begin beduie dat oorhandiging nie kan plaasvind solank die Unie-regering sy eie natuurlike „onderdruk” met apartheidsmatreëls nie. En so sal die kleurstryd tussen die partye in die Unie ook uitgebrei word tot die aangrensende natuurelgebiede. Die Engelssprekendes van die Unie sal aangehits word om teen dr. Malan te stem omdat hy maar net anti-Brits en die eis ten opsigte van die protektorate maar net die eerste stap na 'n republiek is.

TOT DAAR 'N KLOOF IS

So sal die partypropaganda homself opwerk tot 'n punt waar die V.P. uiteindelik ook die beginsel van oorhandiging sal verwerp.

Dan sal dr. Malan wel sy ver- (Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

kiesing wen en aan die volk kan wys hoe onvaderlandliedend die opposisie is, maar dan sal daar nog 'n groot skeur in die volk wees — 'n volk wat op die oomblik toe dr. Malan besluit het om oor hierdie saak na 'n partypolitieke stembus te gaan, so eensgesind oor die vraagstuk was dat selfs al die leiers van die opposisie-party tot op hierdie oomblik hulle vir die oordrag beywer het.

'n Nog belangriker gevolg sal wees dat 'n algemene verkiesing oor die saak juis die indruk by die Britse regering sal verwek dat die Unie se bevolking daaroor verdeeld is. Al gevolg wat dr. Malan se optrede dus kan hê, sal wees om aan sy party meer stemme te besorg, maar ten koste van die inlywing van gebiede wat dr. Malan as „dringend” beskou.

Ondervoeding In Ons Land

Die omvang van ondervoeding in die Unie is sodanig dat omvattende en aktiewe stappe gedoen moet word om die voedingspeil van die bevolking te verhoog, lui 'n verslag van die kommissie van ondersoek na skoolvoeding.

Die gemiddelde persentasie van die oorwig van ondervoeding in skole is — blankes 0.9 persent, Bantoes 33.5 persent, Kleurlinge 44.1 persent en Asiëte 45 persent.

„'n Vergelyking met ander lande toon egter aan dat die voedingsposisie vir die verskillende rassegroepe in die Unie nie in die minste kleiner is as dié van die ooreenstemmende groepe elders nie,” sê die verslag.

Nuwe Party Gestig

Verlede Vrydag het die kongres van die Genootskap van Afrikaners in Suid-Rhodesië besluit om die genootskap te ontbind en die Demokratiese Party van Suid-Rhodesië te stig. Die genootskap is 'n paar jaar gelede in die lewe geroep om te dien as die volksbeweging van die Afrikaners in Suid-Rhodesië. Dit sou nie aan verkiesings deelneem nie. Die nuwe party sal dit wel doen.

Die nuwe party soek die steun van elke Rhodesiër wat Suid-Rhodesië as sy enigste vaderland aanvaar en wat die leierskap van die witman in Suid- en Midde-Afrika wil handhaaf. Hy veroordeel die „doelloosheid” ten aansien van natuurlebeleid en die „lamsakkige houding” van die bestaande partye en hul gebrek aan dryfkrag en ondernemingsgees wat onontbeerlik is vir 'n jong en ontwikkelende land.

Die Demokratiese Party bepleit dominiem-status vir Suid-Rhodesië.

Hoewel die party deur Afrikaners gestig en gelei word, beoog hy hoegenaamd nie om 'n uitsluitende Afrikanerorganisasie te wees nie. Intendeel, hy wil Afrikaans en Engels saamvoeg om te staan en te stry vir die hoogste belange van hul gemeenskaplike vaderland.

DIE O.B., WOENSDAG, 12 SEPTEMBER 1951

TIRANNIE IN WORDING

Die laaste en veral die hoogste woord oor die bedoeling van die lidmaatskapsklousule in die konstitusie van die nuwe Nasionale Party is verlede week deur die hoofleier van die stigter party gespreek op die Kaaplandse kongres van die H.N.P. te Oos-Londen. Dr. Malan, wat verantwoordelik was vir die oorspronklike opstelling van hierdie klousule en ook vir die invoering daarvan in die konstitusie van die nuwe party, het geen onduidelikheid gelaat oor die betekenis daarvan nie. Volgens verslag in Die Burger het hy gesê:

„Om die eenheid te bewaar moet daar gewaak word teen groeppvorming binne die party. Ook in hierdie verband het ons lesse geleer. In die laaste jare van die oorlog is hierdie verskynsels geopenbaar en ek het op Cradock gewaarsku . . . 'n Groep binne 'n party is 'n onmoontlikheid. Dit is 'n slang binne in die paradys. Maak hom dood. U het reg daartoe, want ons is 'n demokratiese party en hou jaarliks kongres. Die kongres is die plek om dinge reg te stryk.”

Dat dr. Malan die Ossewabrandwag in gedagte het, blyk uit sy verwysing na sy Cradockse toespraak in 1940, waar hy dit oor die Ossewabrandwag gehad het. Dit moet dus duidelik wees dat dr. Malan sy diskriminasieklousule in die nuwe party gevoeg het om te verhoed dat lede van die Ossewabrandwag 'n groep binne die party sal vorm. Lidmaatskap van O.B.-lede sal dus alleen geduld word indien die Ossewabrandwag verdwyn — iets wat dr. Malan blykbaar hoop sal gebeur.

Met hierdie erkenning van die hoogste gesagvoerder weet elke O.B.-lid nou waar hy staan en ons is nie van plan om hieroor meer te sê nie.

GEVAARLIKE NEIGING

Ons wil egter vir 'n oomblik stil staan by hierdie stelling van dr. Malan en die konsekwensies wat daarin opgesluit lê.

Ons het hier te doen met die verabsolutering van die politieke party wat uiteindelik kan ontwikkel tot die grootste gewetensdwingelandy wat ons volk nog geken het. Wanneer 'n volk nie meer die reg het om tussen die twee vleuels van sy Majesteit se regering en sy Majesteit se opposisie ten aansien van die een of ander ideaal of beginsel te organiseer sonder om deur die politieke partye uitgeketter te word nie, bly daar inderdaad maar weinig oor van die sogenaamde „vryheid van assosiasie” waarvoor die demokrasie glo staan. Geen meningskakerings oor bepaalde aspekte van openbare belang sal meer geduld word nie, behalwe as mense bereid is om 'n eie party te stig, in watter geval hulle vir skeurmakers uitgekryt sal word. Jy kry dus die posisie dat voorstanders van 'n bepaalde ideaal of beginsel — sê maar christelik-nasionale onderwys — gedwing sal word om voeling met ander geesgenote te vermy. Hulle sal hoogstens toegelaat word om op losse voet beskrywingspunte op partykongresse voor te stel, maar geensins om 'n selfstandige, landswye aksie van stapel te stuur om die volk vir hul standpunt bewus te maak nie. En as die partyleier toevallig nie van die bepaalde standpunt hou nie, gebruik hy eenvoudig sy invloed op die kongres om dit te verongeluk. En niemand sal die reg hê om daarna binne die party vir die standpunt te gaan organiseer nie.

ONMAG VAN KONGRESSE

Dr. Malan verwys na die kongres as die plek om dinge „reg te stryk.” Op papier klink dit nogal nie onaardig nie, maar elkeen wat met die prosedure van partykongresse bekend is, weet wat 'n vrugtelose instrument hierdie logge en kortstondige liggaam is om 'n standpunt te propageer en hoe gering die invloed is wat selfs 'n formele kongresbesluit op die gang van sake het. Hoeveel kongresbesluite is al ooit uitgevoer? Daar staan nog 'n — ons meen eenparige — kongresbesluit in die notuleboek van die H.N.P. wat lui dat die leier van die party, indien hy eerste minister word, nooit na Londen mag gaan nie. Dr. Malan was nog nie tien maande aan bewind nie, toe het hy na Londen gegaan waar hy die republikeinse ideaal gaan afwater het. In die laat twintiger jare het Nasionale Partykongresse eenparig en byna-eenparige besluite geneem ten gunste van skraping van die Joods-geïnspireerde „gewetensklousule” in die wet op hoër onderwys. Die destydse nasionale minister van onderwys, dr. D. F. Malan, het van die kongresse verskil en die klousule het bly staan tot op hierdie dag.

Die ervaring het eerder geleer dat as 'n ding 'n vroeë dood moet sterf, hy net „aangeneem” moet word op 'n kongres. Dan is almal tevrede en die doel is bereik, net soos almal tevrede is as daar maar net 'n republikeinse klousule in 'n party se program staan, al maak niemand propaganda vir die republiek nie.

As die volk nie meer die reg mag hê om te organiseer vir bepaalde oogmerke sonder om deur 'n politieke party doodgemaak te word soos „'n slang in die paradys” nie, dan is ons fluks op pad na die onverdraagsame tydperk van die antichris waar alleen diegene sal kan koop en verkoop wat die merk van die dier het — 'n verskynsel wat hom reeds in die kommunistiese partye openbaar waar periodieke uitsuiwering en likwidering van „afwykendes” moet verseker dat alle lede van die party dink soos die leier dink.

(Lees ook prof. L. J. du Plessis se standpunt elders in hierdie uitgawe).

Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

Versoek Aan Mnr. Strydom

Ek het behoefte om 'n vriendelike versoek te rig aan mnr. J. G. Strydom, die Transvaalse leier van die Herenigde Nasionale Party. My versoek aan hom is om tog nie die soort republiek waarvoor hy staan te verswyg wanneer hy oor 'n republiek praat nie. Dit is ongelukkig vandag nie genoeg om net van 'n republiek te praat nie. Sedert dr. D. F. Malan in 1949 uit Londen teruggekeer het met die splinternuwe ideaal van „'n republiek binnekant die Britse Statebond” het dit nodig geword vir Afrikaners om die „republiek” te kwalifiseer wanneer hulle daaroor praat. Daar moet nou uitdruklik gesê word van watter soort republiek gepraat word — of van die koning se republiek binnekant die Britse Statebond of van die volk se republiek buitekant die Britse Statebond.

Op 'n vergadering in Suidwes het mnr. Strydom die volgende verklaring gedoen: „Suid-Afrika het reeds ver gevorder met sy vryheidstryd, maar hierdie vryheidstryd sal nie voltooi wees voor ons ons eie republiek het nie.” Dit is mooi woorde en ek hou daarvan en ek is bly dat mnr. Strydom dit gebruik het. Ek is ook bereid om aan te neem dat mnr. Strydom met „ons eie republiek” in gedagte gehad het en nog het — 'n republiek buitekant die Britse Statebond en sonder behoud van die Britse konneksie. Daarom vra ek dat mnr. Strydom in die toekoms uitdruklik moet sê dat die republiek waarvan hy praat die volk se republiek is, en asseblief tog nie die koning se republiek nie.

Moenie Eierdans Oor Die Republiek Nie

Ek dink mnr. Strydom weet baie goed waarom dit nodig is dat hy reguit moet praat. Dit word mos algemeen aanvaar dat 'n onderleier van 'n party die beleid wat deur sy hoofleier neergelê word, onderskryf. En boonop neem elkeen aan dat 'n kabinetsminister saamstem met die beleid wat deur die eerste minister gestel word. En as dit nie die geval is nie moet die betrokke onderleier en die betrokke minister uitdruklik en reguit die teendeel verklaar. Dit is bekend dat die neergelegde en verklaarde beleid van mnr. Strydom se hoofleier en van sy eerste minister, dr. D. F. Malan, is dat Suid-Afrika „onder enige omstandighede” 'n lid van die Britse Statebond moet bly — selfs al word Suid-Afrika 'n republiek. Dit beteken dat wanneer dr. D. F. Malan van 'n republiek praat, hy 'n republiek binnekant die Britse Statebond bedoel. En as mnr. Strydom van 'n republiek praat kan met net soveel reg aangeneem word dat hy met sy leier saamstem en 'n republiek binnekant die Britse Statebond bedoel as wat kan aangeneem word dat hy met sy leier verskil en 'n republiek buitekant die Britse Statebond bedoel.

Ek wil nie hê dat mnr. Strydom sy republikeinse standpunt in dubbelsinnigheid moet hul nie. Slegs deur voortdurend heeltemal ondubbelsinnig te wees sal hy sy status as egte republikeinse leier kan handhaaf en sal hy die saak van egte republikanisme 'n diens bewys. Deur dubbelsinnig te wees of deur die skyn van dubbelsinnigheid te verwek, gee hy sy vyande — in sy eie party — die geleentheid om te fluister dat hy 'n eierdans uitvoer ten aansien van sy republikeinse standpunt.

Daarom sê ek aan mnr. Strydom: Moenie die soort republiek waarvoor u staan verswyg wanneer u oor 'n republiek praat nie.

Wat Is Waarheid En Wat Is Propaganda?

Ek het nou die dag 'n berig in Die Vaderland en later weer in Die Volksblad gelees wat my onwillekeurig laat dink het aan die woorde wat 'n vriend van my baie lief is om te gebruik. Hy sê altyd dat die moeilikste taak van 'n koerantleier is om te onderskei tussen waarheid en propaganda. En ek dink hy is heeltemal reg.

In die koerante (insluitende Die Vaderland en Die Volksblad) wat verslag gedoen het van die verrigtinge van die Afrikanerparty se onlangse kongres op Bloemfontein, het ek gelees dat die samesmelting van die A.P. en die H.N.P. „eenparig” goedgekeur is. Daaruit kan die billike afleiding gemaak word dat geeneen van die afgevaardigdes wat die kongres bygewoon het teen die samesmelting gekant was nie. Maar is dit so?

Luister nou wat skryf Die Vaderland van 27 Augustus 1951 ten aansien van mnr. J. G. Benade, wat 'n lid van die hoofbestuur van die Afrikanerparty is en wat teenwoordig was op die kongres wat „eenparig” ten gunste van samesmelting met die H.N.P. besluit het:

„Dr. Colin Steyn, leier van die Verenigde Party in die Vrystaat en L.V. vir Bloemfontein-Stad, sal volgens goedingelike politieke kringe in Bloemfontein, in die volgende algemene verkiesing 'n nominasiestryd in die Verenigde Party moet voer teen mnr. J. G. Benade . . .

En verder: „... die aanduidings is dat hy (mnr. Benade) nie by die nuwe Nasionale Party wat staan gestig te word, sal aansluit nie . . .”

'n Paar dae later het Die Volksblad die proses om van mnr. Benade 'n „sap” te maak voortgesit, en in sy kolomme verklaar dat mnr. Benade Die Vaderland se berig „nie ontken nie” en dat hy weier om kommentaar te lewer oor die moontlikheid dat hy „in die volgende verkiesing kandidaat vir die Verenigde Party teen dr. Colin Steyn sal wees.”

Nou is my vraag: Het mnr. Benade op die A.P. se kongres ten gunste van samesmelting met die H.N.P. gestem? Indien wel, waarom sal hy dan nie by die nuwe Nasionale Party aansluit nie? Of het mnr. Benade miskien die kongres verlaat voordat die kwessie van samesmelting nog tot stemming gebring is? Indien wel, was die samesmeltingsbesluit dan „eenparig?”

Afgesien van mnr. Benade se optrede, stel ek die verdere vraag: Het daar nie nog ander afgevaardigdes ook uit die kongres gestap, wat hulle nie met samesmelting wou vereenselwig nie? My vrae beantwoord hulle self. Nou moet my lesers maar self oordeel of die berigte oor die „eenparigheid” van die samesmeltingsbesluit waarheid of propaganda was.

Die Stappery Oor Die Vloer Van Die Huis

Hier is nog 'n propaganda- of waarheidsraaisel. Ek wonder of daar een van my lesers is wat dit kan oplos. Ek kan nie.

Ek lees in Forward — 'n koerant wat die S.A. Arbeidersparty ondersteun en wat in Johannesburg uitgegee word — dat „buitengewone tonele” en „sensasiewekkende verwikkelinge” aanstaande jaar verwag kan word wanneer die parlement weer vergader. Dit het vir my interessant geklink en toe lees ek verder om uit te vind wat die oorsaak van die wonderbaarlike skouspele sal wees.

Die blad vertel dat „'n voor- aanstaande lid van die Nasionale Party oor die vloer van die huis mag stap (klaarblyklik na die Verenigde Party toe) en dat as hy dit doen die verwagting is dat vyf of ses ander volksraadslede van die Nasionale Party sy voorbeeld sal volg.” En dit is die gebeurtenis wat die groot opskudding gaan verwek.

Voorts beduie die blad, op gesag van sy politieke korrespondent, dat hierdie gebeurtenis algemeen bekend is in die kringe van sowel die Nasionale Party as die Verenigde Party. En dat die drukke opknapping van die onderskeie partyorganisasies veroorsaak is deur die moontlikheid dat 'n politieke krisis die regering kan dwing om 'n vroeë verkiesing uit te skryf.

Dit is Forward se storie. Ek kan dit nie bevestig nie, want ek weet van geen volksraadslid of -lede wat voornemens is om uit die Nasionale Party te bedank nie. Ek kan ook nie 'n eed neem dat dit onwaar is nie, want die onmoontlike gebeur ook soms. Die vraag is nou: Is dit waarheid of is dit propaganda?

Wil Politici Se Tonge Kniehatter

Die parlement het 'n spesiale komitee benoem om in hierdie reses oorweging te skenk aan „metodes waarvolgens parlementsittings verkort kan word” en „om te kyk in hoeverre debatte ingekort kan word.” Ek hoop werklik dat die komitee doeltreffende planne aan die hand sal doen. En in hierdie blye verwagting verwelkom ek die aanstelling van die komitee. Ek moet egter in alle eerlikheid beken dat hoewel ek hoop vir die beste, ek my tog klaarmaak om nie teleurgesteld te wees as die slegste gebeur nie.

Ek kan nie glo dat die beroepspolitici nou skielik self moeg geword het vir hul eie langdragdijspraaksaamheid nie. Die mense is so lief om hul eie stemme te hoor dat ek glad nie oortuig is dat die komitee daarin kan slaag om hul praatlustigheid doeltreffend aan bande te lê nie. Ek hoop die komitee slaag daarin, maar ek is bevrees dat solank die beroepspolitici se praathuis bestaan, sal sy produk maar altyd die temerige woordevloed wees.

Dit word gesê dat 'n mens nie met 'n vrou oor haar ouderdom moet lol nie. Sy is glo baie gevoelig daarvoor. Ek weet nie of dit waar is nie. Maar ek weet wel dat 'n mens nie met die beroepspolitikus oor sy „toesprake” moet lol nie. Hy is vreeslik gevoelig daarvoor. Elke suksesvolle beroepspolitikus hamer die geloof by sy kiesers in dat die stortvloed van woorde wat hy op sy party se verhoog kwytraak „die volk sal red” — en wee die arme ketter wat dit nie wil glo nie!

Boonop glo elke beroepspolitikus vas dat die treffende woorde wat hy in die parlement uitspreek „my setel sal red” as sy kiesers dit maar net kan hoor of lees. Derhalwe kla hy steen en been dat sy party se koerante hom gruwelik afskeep as sy treffende woorde nie met ophef en volledig „in die pers” verskyn nie.

Dit is nou die taak van die spesiale komitee om met hierdie „toesprake” van die beroepspolitici te lol, — ja, om dit te verkort en miskien selfs uit te skakel. Begryp jou aan! Wat gaan van die beroepspolitici se „arme ou volkie” en „my setel” word as die spraaksame mense se tonge in hul eie praathuis gekniehalter moet word?

Het my lesers al ooit van 'n onbegonne taak gehoor? Dit is wat die komitee aangepak het.

DIE MOHAMMEDANE: VIR WIE GAAN HULLE VEG?

Die slegte nuus wat uit Egipte, Persië, Pakistan en Marokko kom trek die aandag op 'n probleem wat tot nou toe, deur ander belangrike beslissings uit die oog gelaat is.

Onwillekeurig daag die vraag op: Watter posisie sal die Mohammedaanse volke in die verdeling tussen Oos en Wes inneem?

As ons na die landkaart kyk, sien ons dat die lande wat deur Mohammedane bewoon word 'n uitstekende strategiese betekenis het.

In die westelike Middellandse See is Marokko, Algerië, Tunesië en in die oostelike deel Tripolie, Egipte, Sirië en Turkye.

Die bogenoemde lande word bewoon deur Mohammedane en vorm die bufferstate van die suidelike deel van Europa.

En van Turkye oor Irak, Transjordanië, Arabië en Egipte is dit weer Mohammedaanse volke wat die brug na Afrika vorm.

Dieselfde geld vir die grootpad na Indië; ook hier vorm Mohammedaanse lande en volke soos Persië, Afganistan en Pakistan die buffer vir Indië.

En eindelijk is 'n deel van Afrika in die weste van die Indiese Oseaan en 'n groot deel van Indonesië in die ooste van die Indiese Oseaan, mohammedaans gesind.

WAARSKUWINGS

Die hele posisie is so delikaat dat Amerika die kwaadwillige Britte gewaarsku het om nie 'n onbedagte stap te doen teen die Perse nie. Engeland het dan ook Persië verlaat ofskoon die Engelse vloot en valskermtroepe gereed gestaan het om Persië binne te val.

Vir elke volk wat die Engelse juk wil afgooi en sy vryheid wil verkry bied die huidige politieke toestand die geleentheid.

In Marokko heers sedert maande 'n krisis oor die nasionale aspirasies van die Mohammedaanse partye wat 90 persent meerderheid van die hele bevolking vorm. Franse koerante erken dat Frankryk nie alleen teenoor 'n radikale nasionale party te staan gekom het nie, maar wel teen 'n verenigde nasionale front. Selfs Mohammedane wat altyd pro-Frans was is vandag teen Frankryk omdat hulle sien dat die Jode nie alleen in Frankryk nie, maar meer en meer ook in Marokko regeer.

STEUNPUNTE

Amerika is baie besorg oor Marokko, want die V.S.A. se lugmag het vyf groot lugsteunpunte in die land, te wete in Casablanca, Rabat-Sale, Meknes, Marakech en Port-Lyantey. Natuurlik is sulke steunpunte van geen waarde as die inheemse bevolking teenoor die besetters vyandelik gesind staan nie.

Ook in Tunesië is alles nie pluus nie. Die Franse moet die bevolking met noodregulasies regeer. In die jaar 1943 het Franse troepe met tenks voor die paleis van die Bey (titel van die heerser van Tunesië) verskyn en hom gedwing om af te tree omdat hy met Duitsland gesimpatiseer het. Nadat hy bedank het, stuur die Franse hom weg en het hy as banneling gesterf.

Die Franse het 'n opvolger as Bey geplaas wat 'n buigbare werktuig van Frankryk was. Maar die Tunesiese volk wil van die Franse niks weet nie en het in hul duiende by die radikale nasionale party aangesluit.

WAPENGEWELD

Frankryk kan sy heerskappy in Tunesië net met wapengeweld handhaaf. So daag ook hier die vraag op watter waarde het die vloot en lugsteunpunte in hierdie land as die volk

van Tunesië in die Westerse moondhede geen vriende maar wel onderdrukkers sien. Hoe kan Amerika die kampvegter

Deur Ski

van demokrasie, die bewys lewer dat hy die sake van demokrasie en vryheid verdedig wanneer hy demokrasie en vryheid aan die Morokkaanse en Tunesiese volk weerhou?

Dié tussen Marokko en Tunesië geleë Algerië is staatsregtelik 'n deel van Frankryk en is daarom in 'n heeltemal ander posisie as Marokko en Tunesië, maar ook Algerië se bevolking is nege-tiendes Mohammedaans. En ook hier is die nasionale beweging sterk.

As die volke sien dat die moondhede vir wie hulle moet veg, hulle nie die vryheid wil gee nie dan sal hulle elke kans waarneem wat aangebied word om hulle regte te verkry.

MOSKOUSE PROPAGANDA

Moskou doen alles om die Mohammedaanse volke te oortuig dat 'n oorlog tussen Oos en Wes hulle die kans gee om die vryheid te verkry as hulle by Moskou aansluit. Die agente van Moskou werk nêrens so ywerig as in die Mohammedaanse lande nie.

Die sukses van die kommunistiese propaganda hang van die gebrek aan insig van die Westerse moondhede af.

Die noodlottige beleid van die Weste—en daarmee die ooreenkomstige sukses van Moskou—kom op nadruklike wyse in die twee senuweepunte van die Oos-Wes-botsing te voorskyn: Egipte en Persië.

Die voorvalle in Persië het ek al in twee artikels beskryf maar ek wil hier nog besonder beklemtoon dat die houding van die Mohammedaanse volke in geen geval a priori anti-Westers is nie, maar nog minder is dit pro-Russies.

Die Persiese situasie is uitsluitlik 'n nasionale gevoelsaangeleentheid gedryf deur die begeerte na politieke vryheid en ekonomiese selfbeskikking om die armoede van die land te bekamp. Natuurlik sal Engeland sy voormalige omkopery voortsit en miljoene van ponde aan geldgierige verraaiers spandeer om vir die regering van dr. Moessadig moeilikheid te besorg, maar ek dink dat die Persiese volk die toestand onder beheer sal hou.

GEVAAR

'n Dreigende gevaar het in Egipte ontstaan. Egipte eis die herstel van sy nasionale soewereiniteit deur die terugtrekking van die Engelse troepe uit die Suez-kanaal-gebied asook die herstel van sy eeuoue verbinding met die Soedan.

Uit 'n parlementêre bron in Kairo, verneem ek dat Egipte alle hoop laat vaar het om met Engeland tot aanneemlike terme te kom. Die situasie is baie ernstig en lede van die Egiptiese parlement het mosies ingedien om:

- (1) neutraal te bly in die botsing tussen Oos en Wes.
- (2) Afkeuring van alle planne vir 'n gemeenskaplike verdediging van die Mid-

de-Ooste.

- (3) Egipte moet homself voorsien van wapens uit Rusland.

Hier lê die gevaar oop en dit is jammer dat die Amerikaanse generale staf hier nie ingryp en Engeland dwing om die verdediging van die Midde-Ooste nie in gevaar te stel nie.

BRITSE POLITIEK

Weer sien ons hier die Tanuskop van Engeland se politiek. Aan die een kant gee Engeland aan swart mensvreters, heidene en analfabete die vryheid en die reg om 'n eie regering te vorm. Aan die ander kant hou Engeland vas aan die onderwerping van volke wat lank voordat Engeland bestaan het reeds 'n eie kultuur gehad het.

Buiten Egipte en Persië onderdruk Engeland nog vandag twee nasies van die wit rasse, nl. die Iere en die Duitsers. Ek wil graag die geestelike kontras tussen die twee volke, die Engelse en die Egiptenare 'n bietjie illustreer.

Die Engelse val in die jaar 1600 Ierland binne en konfiskeer al die lande en gee dit oor aan Engelse grootgrondbesitters. Na driehonderd jaar is die onderdrukking so groot en die lot van die Iere so swaar dat 4 miljoen Iere die land moet verlaat en na Amerika trek.

In 1945 dwing die Engelse regering deur die Potsdam-ooreenkoms 15 miljoen Duitsers om huis en haard te verlaat.

EGIPTIESE BELEID

Hoe anders handel die Egiptenare. Egipte het onder die dwang van die Engelse in 1945 teen die Duitsers oorlog verklaar. Maar nadat die Egiptiese nasionaliste aan die bewind gekom het, ondersoek die Egiptiese regering die verhouding Egipte-Duitsland en kom tot die gevolgtrekking dat dit belaglik is om met 'n land soos Duitsland op ekonomiese gebied en vriendskaplik te verkeer, terwyl nog 'n oorlogstoestand met dieselfde land gehandhaaf word.

Op die 13 Mei 1951 besluit dan ook die Egiptiese regering om die oorlogstoestand met Duitsland op te hef sonder enige voorbehoud en sonder aanspraak op reparasies ofskoon Egipte geregtig was om dit te eis—die Duitse leër was tog immers in Egipte en die Luftwaffe het baie bomme op Egipte afgeworpen en groot skade veroorsaak.

WAARDERING

Toe die nasionale Duitsers die nuus hoor het elke man, vrou en kind opgestaan en Egipte in die gees gesalueer.

Meer kon die Duitsers op die oomblik nie doen nie, maar hulle sweer dat hulle die edele daad van die Egiptenare nooit sal vergeet nie.

Die Engelse en Amerikaanse gesante in Kairo het natuurlik geprotesteer, maar die antwoord van die Egiptiese regering was duidelik en eenvoudig:

Kyk menere!

Dit is ons eie belange en nie julle s'n nie.

Is dit nie 'n bewys van hoë kultuur nie? Van ridderlikheid, van eerlikheid nie?

Op die grootpad na Indië lê Pakistan. Ook hier is die Mohammedane teen die Weste,

(Vervolg in volgende kol.)

„SLIM STREKE” IN BRITSE, KARAKTER IN BOERESTELSEL

'n Medewerker van die Cape Times verwys na sekere „slim propagandastreke” wat deur kandidate uitgehaal word. Die een is van 'n kandidaat wat 'n vlugskrif uitgegee het met die opskrif op die buiteblad: Wat So-en-so (sy teenkandidaat) vir die kiesers gedoen het. Binne die vlugskrif staan niks geskrywe nie.

Die ander is 'n streek van die Britse Konserwatiewe Party wat 'n vlugskrif uitgegee het met die vraag op die buiteblad: Wat die Arbeidersregering vir die

(Vervolg van vorige kol.)

in besonder teen Engeland, gekant omdat Engeland Indië nie wil beweeg om die Mohammedaanse Kasjmir te ontruim en 'n volkstemming te laat plaasvind nie.

Die hele Mohammedaanse aangeleentheid is nie alleen die vraag van vryheid nie, maar in die hoogste graad ook 'n vraag vir geregtigheid.

VERGELYKING

Die Mohammedaanse volk sien hoe die Amerikaners en die V.V.O. aan die kant van die Jode van Israel staan. Hulle kan dit nie verstaan dat die Westerse moondhede Duitsland wetlik gedwing het om die uitgeweke Jode weer terug te neem en aan hulle 'n volle skadevergoeding te betaal nie, maar Israel word nie gedwing om skadevergoeding aan Mohammedaanse vlugtelingen uit Palestina te betaal en hulle weer terug te neem nie. Daar is 'n miljoen Mohammedane wat vir die Jode gevlug het.

Al hierdie politieke en ideologiese swakhede van die Westerse moondhede in hulle verhouding teenoor die Mohammedaanse wêreld word deur Moskou met gewone meesterskap uitgebuit.

Die Mohammedaners tel 400 miljoen mense en ek dink dat dit wel 'n gewig is teen Moskou. Sonder die gewig kan die oorlog teen Moskou baie maklik verlore gaan. Engeland is die groot skuldige in hierdie opsig, en deur sy optrede grawe hy die graf van die Weste.

Om Europa en die Westerse beskawing nie in gevaar te laat bring nie moet Engeland deur die nasionale lande en volke van die wêreld en Amerika gedwing word om alle van hom afhanklike kultuurvolke dadelik die vryheid en onafhanklikheid te gee.

Engeland moet drasties daaraan herinner word dat die eise wat hy vir sy volk en land proklameer ook die eise van ander kultuurvolke is en dat Engeland geen reg het om ander volke daarvan te beroof nie.

volk kan doen. Binnekant staan dan in groot letters: Bedank, en onderaan die advies: „Gebruik hierdie stukkies papier (4 by 3 dm.) om jul vleisrantsoen in toe te draai.”

Die koerantman vind dit baie oulik en stel sulke streke ook vir Suid-Afrika in die vooruitsig.

ANDERS IN REPUBLIEKE

Hierdie „oulike streke” staan in skrilte kontras met die Afrikaanse tradisie en openbaar die Britse partypolitieke gees soos dit nooit in die Boere-republiek bekend was nie. Toe pres. Steyn indertyd benoem is as kandidaat vir die presidentskap het sy aanhangers onrustig begin word oor sy Skotse teenstander wat op eg Britse wyse vir homself propaganda gemaak het. Hulle wou toe hê pres. Steyn moes dieselfde doen, maar hy het geweier en gesê: „Die betrekking moet my soek, nie ek die betrekking nie.”

Dit is ook bekend dat pres. Kruger self sy teenstander, Piet Joubert, benoem het en in sy antwoord aan sy ondersteuners wat hom (Kruger) benoem het, gesê het dat indien dit hom nie geluk om die meerderheid van stemme op Piet Joubert verenig te kry nie, sy beleid so en so sal wees as president.

Inderdaad het die kandidate van die Boere-republieke nie net saam vergaderings gehou om hul standpunte te stel nie, maar met dieselfde kar en perde van plek tot plek gery en saam geslaap.

FYNGEVOELIGES UITGESLUIT

Onder die Britse stelsel van wetlike burgeroorlog is 'n teenkandidaat 'n vyand en moet hy met enige wapen beveg word. Wat erger is, die kandidaat moet sy eie lof vanaf die dakke verkondig. Dit bring mee dat slegs 'n sekere tipe mens bereid is om aan die politiek deel te neem. Die fyngevoelige en beskeie man wat meer bekommerd is oor wat sy plig is as wat ander van hom dink, word uitgesluit van deelname aan landsbestuur.

Ons heil in Suid-Afrika lê nie in die Britse stelsel met sy „oulike propagandastreke” en selfopgedronge aspirante nie, maar in die waardige en broederlike stelsel van ons eie Boereverlede.



Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildote

Suid-Afrikaanse sigaret



CARIEF VIR GEKLASSIFIEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

MEUBELS

MEUBELS.— Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS**, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëts-aannemers. Foon 9-8435

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. —**Boeregenesmiddels**, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

Antigrys herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. E14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daaglikse baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

Motorkarre met aluminium-enjins word op die oomblik deur die Kaiser-Frazer Corporation in Amerika op die proef gestel. Na verwag word, sal dit die gewig van motorenjins tot die helfte kan verminder.



Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Postbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.

O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1949—1950

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

Teken in op DIE O.B.!

Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.

DIE O.B.

- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.
- Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksvertenwoordigers en deskundige beroepsvertenwoordigers.
- Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volkseconomie.
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou. DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokketters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Ander Se Menings

Prof. Du Plessis Trek Lyn Vir In- En Uitsluit Van Groepe

Die stelling dat groepvorming met bepaalde „aksente” binne 'n politieke organisasie nie net verdra behoort te word nie, maar dat dit kan bydra tot die gedurige verjonging van die lewe van so 'n organisasie, word deur prof. L. J. du Plessis in Dagbreek gemaak in verband met die vraagstuk van groter eenheid op politieke gebied.

Prof. Du Plessis verklaar dat ons al te seer geneigd is om 'n politieke grondwet neer te lê en daarop 'n politieke organisasie af te baken waarbinne algehele politieke eenvormigheid moet heers en waaruit geban moet word alle enigsins afwykende beskouinge en gespesialiseerde groepvorminge. Dit is 'n houding wat die moontlikheid sou uitsluit dat byvoorbeeld Engelsprekendes 'n selfstandige politieke organisasie sou ontwikkel, selfs met die doel om saam te werk met die toekomstige Nasionale Party, maar op so 'n manier dat hulle eie-aard daarby erken en so ver moontlik gehandhaaf sou word. „Tog is hierdie soort samewerking die enigste moontlike om die grondslag te lê vir saamskakeling van 'n werklik belangrike groep Engelsprekendes met die Nasionale Party.”

DISKRIMINASIE

Die skrywer gaan dan voort om te verwys na die samesmelting van die twee nasionaalgeinde partye wat ook nog bemoedig word deur oormatige eksklusivisme in sekere kringe. Hy verwys in dié verband na die standpunt aan die H.N.P.-kant dat die lidmaatskapsklousule van die nuwe party bedoel is teen O.B.-lede selfs al sou die O.B. nie aan die eintlike politieke eleksiestryd deelneem nie, en die wat 'n tyd gelede in Die O.B. ingeneem is dat rassegepublikeine 'n aparte selfstandige politieke organisasie moet vorm in opposisie teen die verwaterde republikenisme van die bestaande politieke partye.

Wat eersgenoemde betref, skryf hy:

INSLUIT EN UITSLUIT

„Daar bly egter aan nasionaalgesinde kant nog steeds 'n sterk element wat die noodsaaklike politieke eksklusivisme (uitsluitingsbeleid—Red.) so ver dryf dat hulle geen inklusiewe houding kan handhaaf teenoor enigsins afwykende beskouinge of inwendige kritiek of politieke groepvorminge, wat maar net een of ander element in die gemeenskaplike beginsel-grondslag besonder sterk beklemtoon of op 'n besondere manier spesialiseer nie.

„Dit kom ook uit in hulle besondere bitterheid van optrede selfs teenoor die groepvorminge aan Engelsprekende kant soos die Torch Commando en die Unity Fund, asof hulle ook aan daardie kant hulle eie soort politieke eksklusivisme wil opdring. „Laat ons hierteenoor egter aan die waarheid vashou dat doeltreffende politieke leiding, afgesien van die bepaalde beginsel wat gevolg word, sowel die

vermoë inhou om uit te sluit wat teenstrydig is met die eie beginsel, as die vermoë om in te sluit alles wat die eie beginsel versterk, al is dit ook in die grootste verskeidenheid van vorme of aksente of tempo's.

VOORBEELDE

„Dit is daarom te hope, met die oog op die geleidelike opbou van 'n meer omvattende Suid-Afrikaanse nasionalisme in ons politiek, dat die eksklusivisme van die toekomstige Nasionale Party desnoods (of sover absoluut nodig) gerig sal wees teen opposisie-partye, maar dat dit teenoor verskillende moontlike skakeringe binne die Nasionale beginsel so inklusief moontlik sal optree.

„In hierdie verband mag ons met vrug daaraan dink dat die verbodskeling van die ou Nasionale Party nie begin het toe daar binne sy gelede 'n Republikeinse Bond ontstaan het nie, maar wel vanaf die tyd dat wyle genl. Hertzog die Republikeinse gerepudieer het. Aan die ander kant het wyle genl. Smuts vir baie jare 'n groot en suksesvolle politieke masjien in stand gehou

deurdat hy inwendige skakering en groepvorming verdra het.

VERSEKIDENHEID AKSENTE KAN OOK GOED WEES

„In 'n groot politieke organisasie is dit natuurlik dat aksentverskuiwing binne die groot beginsel-raamwerk periodiek van die kant van kleiner groepe aangebena word; hulle kom dan op, doen hulle werk en verdwyn weer, as hulle tyd verby is, sonder om skade te doen; intendeel, hulle verjong die lewe van 'n omvattende volksorganisasie gedurigdeur; dit wil sê as hulle toegelaat word om in die groot geheel deur te suur. Word hulle egter uitgebana, dan word hulle gevaarlike obsessies of opposisies, en elemente bereken tot verbodskeling.

„Om die lug te suiwer, sal dit dus goed wees as binnekort van gesaghebbende kant verklaar sou word dat die Nasionale Party se uitsluitingsklousule niemand nadelig sal affekteer wat in gemoede die troubelofte kan onderskryf nie, mits so iemand nie in die praktyk optree as ondersteuner van 'n opposisie-party nie.

REEKS GROEPE HET PARTY-TIRANNIE AL TEN OFFER GEVAL

MOORDREEKS

„Tot dusver was ons nog altyd onder die indruk dat die Regering bang was vir sekere organisasies. Ons moet vandag begin glo dat dit teen enige vorm van organisasie is wat nie direkte partyvoordeel aan die regerende party ten doel het nie,” skryf adv. Pirow se Nuusbrief. Om sy gevolgtrekking te staaf, haal die Nuusbrief soos volg aan uit Die Transvaler:

„Daar is niks wat hulporganisasies van strydvaardige aard kan doen wat die Nasionale Party nie beter en doeltreffender kan doen nie. Laat elke Nasionalis by sy party staan en sy party opbou in die wete dat hy aan sy party genoeg het, alles wat hy nodig het.”

Die Nuusbrief lewer, soos volg, kommentaar op hierdie verklaring van Die Transvaler: „Ons as Nasionale wat die party-organisasie van binne so goed ken soos die partylede self, weet egter dat nie partykongresse of die partylede self—wie se enigste taak dit is om fondse in te samel—die party is nie, maar wel 'n handjievol goedbetaalde kabinetslede en in-doenas wat volgens die Nasionale Pers se publikasies beedeeld is met superbreins en -kragte en wie se beslissing te alle tye onbetwisbaar korrek is.”

„Die Transvaler moet ons verskoon as ons hierdie supervervaandheid nie gaan sluk nie,” verklaar die Nuusbrief.

Vervolgens gaan die Nuusbrief „kortliks die moordverhale van die verskillende organisasies” na:

„Die Nuwe Orde: Adv. Pirow het die reg gevra om binne die party sy mede-Afrikaners te oortuig van 'n verbeterde en aangepaste staatsstelsel. Hy is uitgewerp omdat hy 'n demokratiese reg gevra het. Vandag sê hulle aan hom om terug te gaan na die party en nie te „skeur” nie. Sal hy of enig iemand anders vandag binne die party die reg gegun word om hervormings aan te beveel?

„Die O.B.: Die O.B. is kwansuis vernietig omdat hy 'n vreemde stelsel bepleit het, wat deur die party-leiers opgestel is, m.a.w. omdat die O.B. te kragtig na die sin van die party geword het.

„Die S.A. Beskermingsbeweging: Alhoewel hierdie beweging wat die repatriasie van die Indiërs propageer het as die enigste oplossing, deur 'n meerderheid partylede regeer was, is ook hy vernietig. Die Regering kon nie eerlik vir sy lede in die beweging sê dat die volksideaal van repatriasie deur hulle verwerp is nie en het toe skuinsweg gemik en die S.A.B.B. uitgeslaan.

„Die Blanke Werkers-Beskermingsbond: Kort voor die laaste algemene verkiesing het mnr. B. J. Schoeman, Du Pisanie, e.a., besluit om die werkerstemme van die Raad op die Nasionale Party te verenig en is die Blanke Werkers-Beskermingsbond gestig, onder voorwendsel dat daar darem nou omgesien moet word na die arme werker. Nadat die arme Nasionale Party-kandidate omgesien het, is die Bond ontbind.”

Ten slotte bekla die Nuusbrief die feit dat die Nasionale Party ook nie die vakbonde en die Landbou-unie onbelemmerde geleentheid gun om hulself doeltreffend uit te leef nie.

TRUMAN PROBEER 'N SET EN VERLOOR TEEN STALIN

Indien dit moontlik was om die politieke gebeurtenisse van die teenswoordige tyd met die onbevooroordeelde belangstelling van die geskiedkundige te betrag, sou mens nie anders kon as om die politieke vernuf van Moskou te bewonder nie.

Kyk byvoorbeeld wat gebeur in Korea waar Moskou dit reggekry het om 'n militêre toestand wat 'n gewisse nederlaag vir hulle sou beteken het — indien die advies van MacArthur gevolg sou gewees het om werklik aan te val — deur middel van 'n vredesgebaar omskep is in 'n militêre verademing en politieke oorwinning. Dit is inderdaad bewonderenswaardig! Wat ook al die uitslag van die moeisamvorderende vredesonderhandelings mag wees, een ding staan soos 'n paal bo water en dit is dat die kommuniste hul militêre posisie deur die verposing verbeter het en dat hulle politiek en propagandisties 'n groot sukses behaal het, nie net in Korea en Asië nie, dog ook in Europa en Amerika.

Daar sal nie nou oor Korea gepraat word nie, maar oor die vredesnet waarmee Moskou die Amerikaanse politiek gevang het en waarin Washington nou hulpeloos heen en weer spartel.

Die seldsame is egter dat ook hierdie Russiese oorwinning in Washington self uitgebroei het. Net soos die Malik-praatjie ook vooraf in Washington afgespreek is en selfs die V.V.O.-radio daarvoor gebruik is, so was Washington ook die uitgangspunt vir die jongste Russiese suksesvolle stap van die Russiese vredesoffensief.

VRIENDSKAPSBETUIGING

Op 7 Julie 1951 het president Truman, aangevuur deur die vriendskapsbesluit van sy partyvriend McMahon, in 'n boodskap aan die Russiese staatspresident, Sjvernik, die lof en vriendskap van die Amerikaanse volks jeens die Russiese volk uitgespreek en aangetoon watter groot waarde Amerika heg aan die herstel van vreedsame en vriendskaplike betrekkinge tussen Oos en Wes. Die here van die departement van buitelandse sake en die Demokratiese meerderheid van die kongres het volkuis miskien as baie slim beskou deur nou eenmaal ook in 'n lang verklaring te kan betuig hoe graag hulle die vrede begeer, maar hulle sal nie graag wil erken dat hulle daardeur die slagoffer was van die Russiese vredesoffensief of die deur die vyand uitgesoekte terrein en strydpunt aanvaar het vir hul woordstryd nie. Maar wanneer die uitdager die vegterrein, die vegtyd en -metode bepaal, is dit tog duidelik dat hy die oorwinning reeds halfpad behaal het.

SLAGYSTERS

Geen wonder dat Moskou hierdie onbekookte skoolsenuagtige politiek van die Amerikaners ten volle benut nie. Diktator Stalin het naamlik ook sy „staatspresident” en „kongres” ten antwoord laat opmarsjeer en 'n antwoord gegee wat deurspek is van die dolste beledigings, leuens en verdraaiings van die Amerikaanse beleid, en vol gevaarlike weerhakke en slagysters is.

Die eerste punt: „Die Russiese volk het geen rede om daaraan te twyfel dat ook die Amerikaanse volk geen oorlog begeer nie. Maar die Russiese volk is wel deeglik bewus daarvan dat kragte aan die werk is wat terwille van selfverryking 'n nuwe wêreldoorlog wil laat ontvlam

Teen Sondagsport

Die polisie het die afgelope paar weke aanhoudend toegeslaan op mense wat Sondagsport beoefen in Kaapstad en ander Kaaplandse stede. Na verklaar is, spruit die optrede uit klagtes wat by die polisie aanhangig gemaak is. Dit is gebaseer op 'n wet van 1838.

... Die uitlatings van talryke verantwoordelike manne in die Amerikaanse regering en kongres bevat regstreekse aanhitsing tot 'n aanvalsoorlog teen die volk van Rusland, vir die gebruik van grusame vernietigingswapens teen die vredelievende bevolking... Die regering van die Verenigde State was die skepper van die Atlantiese

Deur dr. Otto Strasser

Verbond, 'n militêre verbond wat teen die Sowjet-unie gemik is. Die Amerikaanse regering het 'n hele netwerk militêre vestings in vreemde lande rondom die grense van die Sowjet-unie opgerig en is daarby van voorneme om die militêre herbewapening van Duitsland en die herstel van Japanse militarisme deur te voer. Terselfdertyd is die Verenigde State self besig met 'n reuse-bewapeningsprogram... Die Russiese volk kan hom daagliks daarvan oortuig dat die regering van die Verenigde State presies die teendeel doen van die mooi versekerings wat hy ten opsigte van bewaring van die vrede gee en wat ook indruis teen die vredesbegeerte van die Amerikaanse volk.”

MEESTERSTUK

Hierdie teenset is selfs vir Moskou 'n meesterstuk, veral as mens daaraan dink dat hy dit ten gevolge van Washington se inisiatief gedoen het. Nie minder meesterlik nie is die slagyster wat Moskou in hierdie teenpropaganda inbou: „Dit is die plig van alle vredelievende volke om 'n onwrikbare beleid van oorlogsvoorkoming te volg deur geen bewapening toe te laat nie, maar juis bewapening te beperk, 'n verbod te plaas op die gebruik van die atoomwapen en beheerstelsel in die lewe te roep vir die uitvoering van hierdie verbod en ten slotte 'n vredesverdrag tussen die vyf groot moondhede te bewerkstellig. Op grond hiervan het die Sowjet-unie in sy poging om 'n wêreldoorlog te voorkom reeds twee maal voorgestel dat Amerika, Engeland, Sjina, Frankryk en die Sowjet-unie hul kragte ter behoud van die vrede verenig deur die sluiting van 'n vredes- en vriendskapsverdrag.”

En sodat niemand kan sê dat Moskou nie billik is nie, is die boodskappe van Truman en die kongres sowel as die boodskappe van Sjvernik en die Opperste Sowjet oor alle Russiese senders uitgesaai en woord vir woord in die meeste koerante van die Rooi Ryk gepubliseer. Voorwaar 'n oorwinningspropagandakuns wat nouliks oortref kan word!

VERLORE KANS

Teenoor hierdie triomferende houding van Moskou steek die houding van Washington soveel

skiller af. As die eenmaal begonne onwysheid van so 'n vredes-tweegeveg (waarvan Moskou die terrein en die wapen gekies het) nou maar minstens met logika en besieling aangepak en die beste daarvan gemaak is deur te verklaar: Ons is bly dat Moskou uiteindelik weer die Groot Vyf erken en daarmee weer die Veiligheidsraad in werking bring, en ons stel derhalwe voor die onmiddellike byeenroeping van 'n buitengewone sitting van die vyf lede van die Veiligheidsraad (wat Moskou sou gedwing het om Sjjang Kai-sjek weer te aanvaar, wat nog die erkende wettige verteenwoordiger van Sjina in die V.V.O. is, of van sy kant die samekoms van die Groot Vyf moes weier, wat die verantwoordelikheid om die vredeskonferensie te laat skipbreuk ly op Moskou sou teruggewerp het). Maar in plaas hiervan het Washington die deur homself ingeleide vredesdebat afgebreek met die hulpelose verskoning dat die voorstel van Moskou maar net 'n propagandaslenter is en dat Moskou eers sy vorige verdrae moet nakom.

VOLLEDIGE OORWINNING

So verklaar die New York Times van 8 Augustus:

„Ten einde die oorwinning van Moskou in hierdie vredes-tweegeveg volledig te maak, verklaar die Amerikaanse minister van verdediging, Marshall, dat hy vir Europa nou 400,000 man in plaas van die 200,000 wat gewerf moes word nodig het, en verklaar Truman se partyvriend en voorsitter van die leërkomitee in die Huis van Verteenwoordigers, George H. Mahon, op 8 Augustus, dat daar nog net 'n minimum van hoop bestaan dat die verskille met Moskou sonder 'n oorlog opgelos sal kan word — en aanvaar die huis van verteenwoordigers die volgende dag die bewapeningsuitgawe van 56 miljard dollar, wat die grootste bedrag is wat nog ooit in die Amerikaanse geskiedenis vir bewapening in vrede gestem is.

Die vredes-tweegeveg tussen Washington en Moskou het tot sover op 'n duidelike nederlaag vir Washington uitgeloop. Indien Washington in plaas van vredeswoorde tot vredesdade oorgaan deur 'n vrede van geregtigheid en versoening met Duitsland en Japan (en Oostenryk) te sluit wat die nasionale belange van hierdie lande sal koppel aan die belange van Europa en Amerika, dan sal 'n voortsetting van die vredes-tweegeveg anders uitval en die skynbaar onvermydelike oorlog afwend of ten minste gewen word.

Die eerste spuutaangedrewe skip, 'n tenkskip van 12,000 ton, sal binne 'n maand op die proef gestel word. Die masjiene werk op die beginsel van die outydse waterwiel.

STRY VOORT VIR IDEAAL

Mnr. J. F. van der Merwe (hoofgeneraal), Seramé, Pk. Kaal-laagte, O.V.S., skryf:

Ek wil graag 'n beroep op alle O.B.'s doen om standvastig te bly. Toe ons beweging sy grondslag as republikeinse beweging gekry het, het ons daardie veelbesproke omsendbrief van 1/41 laat sirkuleer. Ons was sat vir die partywese omdat dit uit sy aard nie die deurslag kon gee in 'n krisistyd nie. Ons het gevoel dat daar die party-instelling van Britse model is om ons uit te knikker op die gegewe moment. (Daarvan het ons al telkemale 'n voorbeeld gehad.) Om 'n einde te maak aan daardie rondmalery om maar ter geleentheid weer 'n ander man bo te bring wat aan Empirediens gaan deelneem het ons tot vervelens toe genoeg. Nou (dit was in 1941 meen ek) wil ons 'n deurslaggewende mag opbou om ons ideaal te verwesenlik. En daardie mag kan alleen kom uit die ware patriot se wil om 'n staat te hê wat waarlik republikeins vry is en nie op Britse lees geskoei is nie. Ons kan alleen ons ideaal verwesenlik buite die partye om.

Staan dan vas in daardie strewe en onthou die getrouheid wat ons mekaar skuldig is om enduit te kom. Wat ons in die jare wat verby is gesien en geglo het van belang vir die behoud van blank Suid-Afrika, is nog nie daar nie en ons stryd lê nog voor. As daar vir 'n republiek gestem word sal ek sedert 1938 dan weer vir die eerste en hopelik vir die laaste keer binne die huidige stelsel gaan stem. Vir my is in die opbou van die nuwe party nog geen ideaal verwesenlik nie, want dit bly onmagtig om iets konkreets te doen.

TELEURGESTELD

Mnr. R. P. van der Merwe (komdt.), Aberdeen, skryf:

Dit is met teensin dat ek die brief moet skryf. Maar ek voel bitter teleurgestel, en ek is seker so voel 99 persent van die O.B.'s in die K.G. se leiding. Die K.G. is bewus daarvan of behoort dit ten minste te wees, dat die O.B. nie aan die partypolitiek glo nie, want die partypolitiek het die land nog net ellende en verdeeldheid besorg, en goeie verdienstes aan ex-predikante, ex-dokters, ex-advokate en dies meer besorg, persone wat nie 'n sukses van hul professies kan maak nie, en dus gerieshalwe die politiek kies. Ek dink dit sal beter wees as die ex-professionele liewer gaan aansoek doen vir ondergeskiktheidspensioene, dan kan hulle ten minste die land minder kwaad aandoen.

As die K.G. dan in die partypolitiek wil tree, waarom bedank hy nie?

Die O.B. glo aan 'n republiek buite die Britse Statebond; nou wil die K.G. hê dat ons O.B.'s

Soos Ons Lesers Dit Sien

moet saamgaan met dr. Malan se party, wat 'n huigelry van begin tot end is. Laasgenoemde het 'n eed gaan aflê dat die republiek onder die Britse vlerke moet wees. Hy toon dit met dade, want toe dr. Malan nog opposisie was het hy vreeslik tekere gegaan oor die sendings en reise na Engeland, en wat gebeur vandag? Waar veg hy vandag en waar is hy gewillig om oral te help? Vergelyk dit met sy bewerasies van die verlede. Omtrent mnr. Havenga: Hy is kapitalisties gesind. Dan verwag die K.G. dat ons met sulke leiers moet saamgaan?

Nee, gee vir ons die regte O.B.'s, die regte leier, en die O.B. sal ontwikkel tot volle krag en die Malan-kombinasie sal moet in sy spore trap.

As O.B., en ek is seker ek is nie die enigste nie, voel ek al 'n geruime tyd dat iets haper met die O.B.-hoofleiding en dit het nou losgebars. Los die mense wat die partypolitiek soek; stel die regte manne aan die hoof en u sal verbaas staan.

Onthou dit ten slotte, asseblief, dat geen opregte O.B. by die partypolitiek sal aansluit nie.

Duur Huise Vir Britse Offisiere In Duitsland

Vir getroude offisiere en onderoffisiere van die Britse leër in Duitsland word nou huise massagewys deur die Duitsers gebou, volledig met sentrale verwarming en tuine, wat veel duurder is as die woonhuise vir Duitsers, lú 'n berig in die Engelse pers.

Die berig meld dat die huis wat vir onderoffisiere gebou word, bestaan uit 'n eetkamer, sitkamer, twee slaapkamers, ens. met sentrale verwarmingstoestel en 'n tuin van 550 vierkante jaars. Dit kos £3,100.

Die huis vir offisiere word beskryf as 'n „villa” en kos £6,700. Dit het drie slaapkamers, 'n bediende-kamer, 'n motorhuis en ander geriewe en 'n tuin van 1,100 vierkante jaars.

Die berig voeg daaraan toe dat die Duitsers nie omgee om hierdie duur huise vir die Britte te bou nie, aangesien hulle hoop dat hulle dit self eendag sal besit!



Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

„Spoor Byster”?

In 'n toespraak op Lichtenburg wat blykbaar voor die tyd aan Dagbreek oorhandig is vir publikasie, het dr. J. F. J. van Rensburg 'n ernstige klag teen die O.B.-blad gemaak. Hy het onder meer verklaar: „Ek is jammer dat ons blad (Die O.B.) blykbaar 'n tydjie lank die spoor byster geraak het, maar dit verskoon my nie om my plig te doen nie. Ek wil beklemtoon dat daar in elke stryd 'n dag kom wanneer mens vrede moet oorweeg, veral as dit met jou broer is wat jy baklei.” Vervolgens het dr. Van Rensburg sy standpunt uiteengesit soos op bladsy een van hierdie uitgawe weer-gegee, en toe as volg besluit:

„Waarom moet ek dan baklei? Ter wille van die twis self, ter wille van blote broedertwis? Dit strek niemand tot eer nie, nie my broer nie, en my ook nie.”

Dr. Van Rensburg verwet die indruk asof die H.N.P.-leiers wat ook die toon in die samesmeltingsparty sal aangee, hul houding teenoor die Ossewabrandwag gewysig het, asof hulle vrede gemaak het met die Ossewabrandwag en die broedertwis nou beëindig is. Dit is hoegenaamd nie die geval nie. Van H.N.P.-kant is daar nie 'n enkele woord van vriendskap teenoor die O.B. uitgespreek nie. Die berugte diskriminasieklausule van die H.N.P. is wel woordeliks in die konstitusie van die nuwe Nasionale Party opgeneem en op die H.N.P. se kongres in Oos-Londen het dr. Malan uitdruklik verklaar dat enige groep binne die party — dus ook die Ossewabrandwag — 'n slang in die paradys is wat doodgemaak moet word. Nie vrede nie, maar voortgesette stryd teen die Ossewabrandwag is die tema van die H.N.P.-leiers.

Die O.B. sal sy plig versuim as hy aan sy lesers 'n valse vrede voorhou wat net kan uitloop op die vernietiging van die Ossewabrandwag. Die O.B. het niks teen die samesmelting van die partye nie, maar hy wil verhoed dat die samesmelting van die partye die vernietiging van die Ossewabrandwag sal teweeg bring.

OORGAWA — NIE VREDE NIE

As dr. Van Rensburg dus praat van „vrede” wat nou oorweeg moet word, is dit die eensydige vrede van oorgawe.

Dr. Malan het geen beswaar dat individuele O.B.-lede wat lid van die A.P. is opgaan in die nuwe party nadat hulle die stilswygende versekering gegee het dat hulle nie aan 'n „organisasie met 'n politieke strekking” behoort nie. **MAAR DIE OOMBLIK DAT HULLE DEUR HUL BEDRYWIGHEDE TOON DAT HULLE AAN DIE O.B. BEHOORT, SAL DR. MALAN TEEN HULLE OPTREE AS SYNDE 'N SLANG IN DIE PARADYS.** Met ander woorde hulle kan lid bly van die party solank hulle dooie lede van die O.B. is.

En dit sluit aan by mnr. Havenga se versekering dat hulle toegelaat sal word mits „hulle nie politiek in hul organisasie bedryf nie.”

As die O.B.-lid wat aansluit by die party 'n dooie O.B.-lid moet wees en nie „politiek mag bedryf nie” — dit wil sê nie propaganda mag maak vir 'n republiek afgeskei van die Britse Statebond nie, nie propaganda mag maak vir 'n eie Afrikaanse staatsstelsel en vir algehele segregasie nie, dan is die Ossewabrandwag vir alle praktiese doeleindes dood en ontbind. En daarteen het dr. Malan nie beswaar nie.

Maar die O.B.-blad het wel daarteen beswaar omdat daarmee ook verlore sal gaan die saamgebalde krag ter bereiking van ons ideale.

REPUBLIKANISME

Dr. Van Rensburg is bereid om die republikeinse klousule van die nuwe party te aanvaar as 'n vasankering van die „republikeinse gedagte.” Daardie vasankering bestaan, wat die party van dr. Malan betref, al sedert 1934, maar ten spyte daarvan het die Ossewabrandwag in 1939 gekom omdat die verlede getoon het dat 'n republikeinse klousule — waarvan die Verenigde Party ook een het — die republiek nog geen duim nader bring as daarvoor nie kragdadig gewerk word nie. Die klousule van die nuwe party is woordeliks dieselfde as dié in die program van die huidige H.N.P. en die A.P. Dit praat net van „'n republiek afgeskei van die Britse kroon” — en nie afgeskei van die Britse Statebond nie. Onder hierdie klousule het dr. Malan sedert 1949 'n republiek binne die Empire gepropageer en het mnr. Havenga so kort gelede as 1 Julie 1949 nog verklaar:

„'n Republiek kan vir my nie groter vryheid gee as wat ek vandag op geregtig is en kan opeis nie.”

Die Ossewabrandwag daarenteen is nie tevrede met 'n blote klousule binne 'n party wie se leiding boonop nog in dieselfde asem verklaar dat hulle die republiek nie langs die weg van 'n gewone algemene verkiesing gaan bring nie.

Die Ossewabrandwag wil hom daadwerklik beywer vir 'n republiek, nie net afgeskei van die Britse Statebond nie, maar ook gegrond op 'n eie Afrikaanse regeringstelsel wat hemelsbreed sal verskil van die Britse partystelsel waarmee die Ossewabrandwag innerlik gebreek het en waarheen hy hom nie wil laat terug lei nie.

Solank die O.B. hierdie ideale propageer, raak hy die spoor nie byster nie, maar volg hy die koers wat hy die afgelope dertien jaar gevolg het ten spyte van verwyte van „broedertwis.” Die republiek en ons volkseie staatsstelsel, gegrond op volkseenheid, is vir ons veel meer werd as lidmaatskap van 'n party wat gegrond is op die Britse beginsel van volksverdeeldheid.

As dr. Van Rensburg hierin „blote twis” sien, moes hy eerder al die vrede aangevra het. Maar ons twis nie, ons vra maar net die reg om te stry vir die onvervalste ideale van ons volk sonder om die swye opgelê te word deur party-politieke veto's.

GEEN GROEPE TOEGELAAT BINNE NUWE PARTY

Dr. Malan Verwys Na O.B.

Indien daar nog enige twyfel was oor die doel waarom die diskriminasieklausule waarvolgens die Herenigde Nasionale Partye jarelank lede van die Ossewabrandwag uitgesluit het van lidmaatskap van die party woordeliks in die konstitusie van die nuwe Nasionale Party opgeneem is, dan is sodanige twyfel volkome verwyder deur die verklaring van die hoofleier van die nuwe party, dr. D. F. Malan, voor die Kaaplandse H.N.P.-kongres in Oos-Londen, skryf ons politieke medewerker.

Dr. Malan het, eerstens, sy party se hooforgaan Die Burger gelyk gegee dat die klousule opgeneem is om „groepvorming” in die nuwe party te voorkom; en hy het, tweedens, te kenne gegee dat die „groep” teen wie dit gemik is die Ossewabrandwag is.

Die Burger het die saak 'n paar weke gelede soos volg gestel:

„Geen groepe of organisasies binne die partyverband is gewens . . . Daarom word ook aanbeveel dat elke lid van die Nasionale Party onder meer sal verklaar dat hy geen lid is van enige ander politieke organisasie nie.”

In Oos-Londen het dr. Malan gesê: „Om die eenheid te bewaar moet gewaak word teen groepvorming binne die party.”

„CRADOCK”

Voorts het dr. Malan die groep „teen wie gewaak moet word begin identifiseer, soos volg: „In hierdie verband het ons ons lesse geleer. In die laaste jare van die oorlog is hierdie verskynsel geopenbaar en spreker het op Cradock gewaarsku. Spreker het hier veral in gedagte gehad groepe wat afgewyk het van die demokratiese beginsel en nasionaal-sosialisties geword het.”

Die verwysing na Cradock, die verwyte van afwyking van demokratiese beginsels en die beskuldiging van nasionaal-sosialistiese neigings het ongetwyfeld by elke kongresganger die oortuiging laat posvat dat die „groep” waarteen dr. Malan waarsku hul ou vyand, die Ossewabrandwag, is.

Ten slotte het dr. Malan die vuur teen die Ossewabrandwag begin aanblaas. Hy het gesê:

Grootraad Byeengeroep

'n Baie belangrike vergadering van die Grootraad van die Ossewabrandwag sal gehou word in die Clarendonsaal van die Bloemfonteinse stadhuis op Saterdag, 13 Oktober om 9-uur in die oggend.

Die vergadering is belê deur die voorsitter, prof. D. J. van Rooy.

Die lede van die Grootraad is: Die voorsitter en die sekretaris; die leier en die onderleier van die O.B.; die noordelike en suidelike leiers en leidsters; en die hoofgeneraals, generaals en hoofkommandantes van die beweging.

„Laat ons leer uit die ondervinding van die verlede. Waak teen groepvorming. 'n Groep binne 'n party is 'n onmoontlikheid. Dis 'n slang in die Paradys. Maak hom dood. U het die reg daartoe, want ons is 'n demokratiese party en hou jaarliks kongres. Die kongres is die plek om dinge reg te stryk.”

WAT BETEKEN DIT?

As dr. Malan se woorde nie beteken dat die nuwe Nasionale Party die „paradys” is nie; dat die Ossewabrandwag die „slang” is nie; en dat die „slang” doodgemaak moet word nie, dan is die vraag: wat beteken sy woorde dan?

Blykbaar veronderstel die H.N.P.-koerante ook dat 'n O.B.-lid sy of haar O.B.-skap moet aflê wanneer hy of sy by die nuwe Nasionale Party aansluit. Daarom skryf Die Volksblad, byvoorbeeld, soos volg: „Die komende verkiesing sal aangepak kan word sonder dat daar sprake van Malan-mense of Havenga-volgelingen of O.B.-manne of voorstanders van die Nuwe Orde sal wees. Die leiers sal weet dat al die geharde vegters met die ondervinding van talle verkiesings en die geesdriftige jeug net Nasionale sal wees.”

As O.B.-lede wat by die nuwe Nasionale Party aansluit „net nasionaliste” moet wees en nie ook „O.B.-manne” nie, dan beteken dit dat hulle slegs lede van die samesmeltingsparty mag word deur hulle O.B.-skap af te lê.

BOTSEND?

Die vraag is of hierdie standpunt van die H.N.P.-leier en sy

party-koerante dan nie bots met die standpunt wat mnr. N. C. Havenga op sy party se kongres gestel het nie. Mnr. Havenga het gesê dat O.B.-lede welkom is in die nuwe party as hulle onderneem om nie politiek in die Ossewabrandwag te voer nie.

Sodra 'n O.B.-lid onderneem om nie politiek in die O.B. te voer nie, maar om nie sy politieke ideaal van 'n vrye republiek te bely en nie te pleit vir noodsaaklike politieke hervormings nie, dan lê hy vir alle praktiese doeleindes sy O.B.-skap af. Derhalwe is daar geen wesenlike verskil tussen dr. Malan en mnr. Havenga se standpunte nie.

As O.B.-lede hul O.B.-skap wil behou en wil bely en as hulle nie in botsing met die party-tug wil kom nie, kan ek nie sien hoe hulle by die nuwe Nasionale Party kan aansluit nie.

Vliegtuig Met Atoomkrag

Die Verenigde State het 'n bestelling by 'n groot vliegtuig-onderneming in Kalifornië geplaas vir die raamwerk van 'n vliegtuig wat met atoomkrag aangedryf sal word. Die motor van die vliegtuig word deur 'n ander maatskappy vervaardig onder toesig van die Amerikaanse atoomkragkommissie.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepert, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

SANTAM SAL DIT VERGOED



Brand by Dokter se Huis

DURBAN. — Twee motors en twee vertrekke tesame met al die ameublemente is gisteroggend geheel en al deur 'n brand verwoes wat onverwags in 'n dokter se huis in Durban uitgebreek het.

SANTAM

Hoofkantoor:
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.

GESELLIGE BYEENKOMS

SATERDAG, 15 SEPTEMBER 1951 om 10-uur vm.

op die plaas van mnr. Koos de Wet, Houmoed, Rawsonville, gereël deur Goudini O.B.-kommando.

Begin met Skyfskiet en ander Vermaak

— BRAAIVLEIS VIR MIDDAGETE —

Spreker om 2 uur nm. —

Mnr. W. R. Laubscher (Voorligtingsoffisier)

Gee asseblief kennis van teenwoordigheid aan —

Mnr. A. du T. Botha, Die Eike, Rawsonville.